# 21 Emosies

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Vrees

## Deut 31:7-8

*Die onbekende maak ons bang, of dit die onbekende toekoms, 'n onbekende mens of 'n onbekende omgewing is.*

*Vrees kan verlammend op jou inwerk.*

*Dit kan jou ontneem van geleenthede om nuwe mense en nuwe dinge te leer ken.*

*Vrees kan irrasioneel wees. Net God moet gevrees word - in die sin dat ons eerbied en ontsag vir Hom moet hê.*

*En met God aan jou kant, wie hoef jy dan te vrees?*
*(Bybel 24/7)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou ewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

*Notas*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# 21 Emosies

## Vrees

Op watter maniere beïnvloed vrees 'n persoon se besluitneming?

Is die vrees groter as jy alleen is? Hoekom of hoekom nie?

Daar is baie probleme wat vandag vrees veroorsaak. Alles van die ekonomie, vrees vir geliefde in lockdown en die COVID-19 epidemie.. Op watter maniere kan jy as Christen op hierdie kwessies reageer?

God is groter as ons vrese.